9a. Nas. Ond. Raad. 191.Po.1 (23)

Opgeneem 16/7/69, vir uitsending dieselfde dag, ... H.B.Th.

In Suid-Afrika - soos in baie ander lande - het die besef vandag meer as ooit tevore deurgedring dat die onderwys een van die allervernaamste terreine van ons nasionale lewe is. Ten tyde van die jongste sessie van die Parlement, toe daar verskeie kere oor onderwyssake gehandel is, het dit dan ook baie duidelik geblyk.

'n Belangrike uitkoms van die parlementsessie in hierdie verband, was die aanname van die Wysigingswet op die Nasionale Onderwysbeleid, d.i. Wet No. 73, 1969. Ooreenkomstig hierdie wet het die nuwe Nasionale Onderwysraad ontstaan, 'n Raad wat op 1 Augustus vanjaar in werking tree.

Soos sy onmiddellike voorganger sal hierdie Raad in 'n raadgewende hoedanigheid optree, en wel om die Minister van Nasionale Opvoeding van advies te dien in verband met die algemene beleid rakende die onderwys, met insluiting van onderwysersopleiding. Oor die algemeen genome het die Raad te doen eerstens met die onderwys as sodanig, en tweedens met die opleiding van onderwysers vir ons skole. Ek voel dankbaar en gelukkig dat daar in die Raad benoem is, saam met ~~spesialiste~~ deskundiges in die filosofie en teorie van die onderwys, ook praktiese onderwysmanne wat ~~nie net~~ oor teoretiese kennis beskik ~~nie maar~~ en ook elke dag met die praktyk in die klaskamer te doen het.

Ons gaan met vertroue voortbou op die fondament wat ons voorgangers gedurende die afgelope paar jaar reeds gelê het. Ons sal nie oorhaastig te werk gaan nie. Want ons weet maar al te goed dat die onderwys in ons land, veral ten gevolge van sy historiese verloop, vandag tal van ernstige ingewikkeldhede en probleme toon. Maar die Nasionale Onderwysraad sal alles in sy vermoë doen om die ontwikkeling van die jongste jare voort te sit, en om 'n ware nasionale onderwysstelsel en onderwyspatroon te probeer vestig, wat reg aan ons jeug sal laat geskied, wat die aansien van 'n sleutelberoep sal bevorder, en wat die geestelike belange van ons land blywend sal dien. Dit is immers die ideaal wat ons wetgewers met die jongste – en ook met die vroeëre – wetgewing in gedagte gehad het.

Ons weet dat dit tyd sal neem om hierdie ideaal te bereik, maar, terwyl ons ons voorgangers dank vir die werk wat hulle reeds gedoen het, wil ons vertrou dat dit ons gegun sal word om verder op die weg na hierdie ideaal te vorder.